



Hoeveel geloof is nodig om te red?

Die Bybel belooft dat “wie ook al glo in [Jesus Christus] sal nie vergaan nie, maar die ewige lewe hê” (Johannes 3:16) en sê: “Deur genade is julle deur geloof gered” (Ef. 2:8). Maar hoeveel geloof is nodig om hierdie verlossing te verkry?

Iemand kan wonder of hy of sy genoeg geglo het om gered te word. Geen wonder nie – daar is diegene wat daarop aanspraak maak dat verlossing net gegee word aan diegene wat genoeg geloof het, ’n volle geloof, ’n spesiale geloof ensovoorts, wat impliseer dat jou geloof in God se belofte van verlossing onvoldoende kan wees.

Verskillende hoeveelhede geloof

Ons weet dat geloof kan wissel in graad of hoeveelheid vanweë Bybelse getuienisse. Jesus het gepraat van dié met “min geloof” (byvoorbeeld Matt. 6:30; 8:26; 14:31) en diegene met “groot geloof” (byvoorbeeld Matt. 8:10; 15:28). Die man wie se seun van ’n bouse gees genees is, het ’n klein bietjie geloof gehad, maar vir meer gevra (Mark 9:24). Jesus het van geloof so klein soos ’n mosterdsaad gepraat, die kleinste landboukundige saad wat in daardie dae bekend was (Matt. 17:20; Lukas 17:6).

In die geval van die man met die swak geloof is dit duidelik dat selfs die klein hoeveelheid wat hy gehad het, genoeg was om Jesus se wonderwerk te sien. Jesus het self gesê ’n mosterdsaad grootte geloof is genoeg om ’n berg te skuif of ’n boom te verplant. Dit dui aan dat die hoeveelheid geloof nie die kwessie is nie; die kwessie is die doelwit en die krag waartoe die geloof toegang kry.

Geloof en sy doelwit

Eerstens moet daarop gelet word dat die Bybel se beloftes van ewige lewe wat geloof of die praktyk van geloof noem, nie spesifiseer hoeveel geloof nodig is om ewige lewe te verkry nie. (Handelinge 8:37 lyk dalk na ’n uitsondering wanneer Philippus die Ethiopiese staatsamptenaar vertel dat hy gedoop kan word “As jy glo met jou hele hart,” maar vers 37 is nie in baie belangrike Griekse manuskripte nie en word daarom weggelaat in baie vertalings. Nietemin wys die Ethiopiër se antwoord, “Ek glo Jesus Christus is die Seun van God”, dat die *hoeveelheid* geloof nie die kritieke kwessie is nie; die kwessie is

eerder die *doelwit* van geloof.)

Tweedens is dit nie eintlik ons geloof wat ons red nie. Wanneer ons na Efesiërs 2:8 kyk, “Want deur genade is julle deur geloof gered,” kan ons onderskei tussen die oorsaak (*deur genade*) en die metode (*deur geloof*). As iemand byvoorbeeld sê hy het sy motor met ’n tuinslang gewas, verstaan ons dat die tuinslang die metode is waardeur die oorsaak van die wassery (water) gelewer is. Die tuinslang het nie eintlik die motor gewas nie, maar die water het. Geloof op sigself is nie ’n mag nie, maar ’n kanaal

waarlangs God se krag om te red gelewer word.

Derdens is die kleinste hoeveelheid geloof genoeg vir redding as die doelwit van daardie geloof dit werd is. Aangesien dit God se genade is wat ons in Jesus Christus red, sal enige hoeveelheid geloof in Hom red. Iemand wat byvoorbeeld verdrink kan sterk geloof hê in ’n lekkende boot wat haar nie kan red nie, of sy kan swak geloof hê in ’n seewaardige boot wat haar kan red. Die swakste geloof is genoeg om te red as dit in ’n waardige doelwit is.

Sommige mense het ’n enorme hoeveelheid geloof in ’n valse godsdiens of in ’n vals godsdienstige leier, maar hulle sal nie gered word nie. Die gelowige met die kleinste hoeveelheid geloof in die waardige Seun van God sal gered word, want verlossing hang nie af van die sterkte van jou geloof nie, maar van die bekwaamheid van Jesus Christus om te doen wat Hy belowe.

Gevolgtrekking

Ondersoek van die gehalte of hoeveelheid van jou geloof is ’n subjektiewe oefening in sinloosheid. Verlossing en die versekering van verlossing kom net deur geloof te fokus op die waardigheid van Jesus Christus en Sy belofte om te red. Die kwessie is nie hoeveel ons glo nie, maar waarin ons glo. Óf ons glo in Jesus Christus vir die ewige lewe, óf ons doen dit nie.